## S,' BOOK REVIEWS

R.T.J. LOMBARD. *Handleiding vir genealogiese navorsing*. Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing: Pretoria, 1977. R4,50.

Soos die titel aandui, is hierdie publikasie van die RGN opgestel om genealogiese navorsers van hulp te wees. Aangesien die navorsingsmetodes van die genealogie verband hou met dié van algemene geskiedenis en dus ook met streekgeskiedenis, sal die streekhistorikus ongetwyfeld daarby baat vind.

In die eerste hoofstuk, Genealogie en Genealografie, word onder meer die wese, doel en geskiedenis van die Genealogie bespreek. Belangrik is om te onthou dat wanneer die genealoog 'n register opstel elke naam 'n persoon verteenwoordig wat 'n bepaalde betekenis en plek in sy familie en samelewing gehad het. Hier kom die streekgeskiedenis van pas, veral wanneer die genealoog die herkoms en die rol van pionier- en ander families in 'n bepaalde omgewing ondersoek (streekgenealogie). Die ooreenkoms tussen die steekhistorikus en die genealoog is dat hulle beide die *mens* as studie-objek het, maar hulle het verskillende benaderings. Waar die streekhistorikus die mens in sy verhouding tot sy medemens en sy omgewing bestudeer, gee die genealoog hoofsaaklik aandag aan onderlinge verwantskappe tussen mense met 'n gemeenskaplike herkoms.

In die volgende hoofstuk word aandag gegee aan die metodiek van die genealogie. Aspekte wat bespreek word, is onder meer die onderwerp van studie, dokumentasie, opsporing en evaluering van bronne, kerkregisters en grafskrifte. Hierdie hoofstuk gee vir die navorser 'n goeie idee van wat alles in ag geneem moet word en hoe te werk gegaan moet word met genealogiese navorsing.

Die derde hoofstuk, Bewaarplekke van Genealogiese Bronne, gee 'n oorsig van die belangrikste argiefgroepe in die verskillende argiefbewaarplekke in Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en Rhodesië. Daar word ook verwys na belangrike kultuurhistoriese museums. Hierdie hoofstuk kan met vrug geraadpleeg word deur alle geskiedenisnavorsers. 'n Goeie studie daarvan sal die oningeligte help om vertroud te raak met die inhoud van die argiefbewaarplekke.

In die laaste hoofstuk word verduidelik hoe om 'n geslagsregister op te stel. Dit word geïllustreer met 'n afstammelingstafel en 'n kwartierstaat met foto's. Laastens verskyn daar 'n uitgebreide bibliografie wat vir die genealoog van groot waarde is.

Hierdie goedversorgde publikasie is 'n belangrike toevoeging tot ons histories-metodologiese literatuur en verdien 'n plek op die boekrak van veral die genealoog maar ook op die van die historikus.

*A.E. NELL*
*Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing*